Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Ghafoor

Meesvergewende

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat ons beskerm en beveilig teen die gevolge van ons eie optrede en dade. Dit beteken dat Allah ons sondes bedek terwyl Hy ten volle bewus is van wat dit is en hoe groot dit is. Hierdie soort van vergifnes is dus kwalitatief van aard.

Dit berus ook op die stamwoord: “gh-f-r” uit die klassiek Arabiese verband wat dui op:

- om te bedek, om 'n sluier daaroor te trek, om dit te verberg of te verswyg, om dit weg te steek
- om te begenadig en amnestie of kwytskelding te gee, om te vergewe, om reg te stel
- om iets te bedek teneinde te keer dat dit nie vuil word nie

Enkele Versverwysing:

Koran 59:173. “... Maar wie dan ook al deur nood gedwing word om hiervan te eet, en dit nie doen vir die plesier of bedoel om te oortree nie, en net genoeg hiervan eet om sy lewe te red sal hierdie sonde vergewe word. Waarlik, Allah is die Mees Vergewende, die Genadigste.”

Koran 8:70 “O Prophet, sê aan die gevangenes onder julle beheer: “Indien Allah weet van enige goed wat in julle harte is, dan sal Hy julle iets beters gee as wat van julle afgevat is, en julle vergewe. Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.”

Koran 16:110; 41:32; 60:7